Publication: Burger, Die Saturday (Metropool) (PromosieArtikels)
Publication Date: 13 Feb 2021
Page: 9
AVE: 117712.98
Circulation: 66624
Part: 1 of 1

Dis dalk ideale tyd om nuwe opsies vir energie te oorweeg

Beurtkrag is 'n realiteit, maar sonder krag kan ons nie. **Danielle Daniëls** het gaan uitvind watter alternatiewe energiebronne jy kan oorweeg.

Wanneer jy die woord beurtkrag hoor, dink jy onmiddellik aan al die probleme en ongerief wat daarmee gepaard gaan.

Volgens Sinkonathi Mantshantsha, Eskom-woordvoerder, kommunikeer Eskom deurlopend dat die risiko van beurtkrag tot laat in 2021 kan strek, aangesien hulle voortgaan met instandhouding om die werkverrigting van die kragstasies te verbeter.

"Die grootste deel van hierdie instandhoudingswerk, om die agterstand van onderhoud in te haal, sal rondom September 2021 voltooi wees. Dit sal die risiko van beurtkrag aansienlik verminder, maar nie uitskakel nie, aangesien nuwe opwekkingsvermoë nodig sal wees om beurtkrag heeltemal uit te skakel en 'n groeiende ekonomie te bewerkstellig."

Mantshantsha sê Eskom het tans meer as 5 000 MW vermoë vir beplande instandhouding, met nog 14 000 MW se vermoë indien kragstasies onklaar raak of onbeplande instandhoudingswerk nodig is.

"Beurtkrag word as 'n laaste uitweg geïmplementeer wanneer dit nodig is om die integriteit van die kragstelsel te beskerm. As dit nodig is om beurtkrag te implementeer, sal Eskom altyd poog om die publiek betyds in kennis te stel."

Siende dat beurtkrag in die afsienbare toekoms Suid-Afrikaners se voorland is, is dit slim om te kyk na ander maniere om krag by jou huis op te wek.

Met alternatiewe energie sal jy en jou gesin nie net geld spaar nie, maar ook die ongerief van beurtkrag vryspring. Foto: ISTOCK

Wat is alternatiewe energiebronne?

Niveshen Govender, bedryfshoof van die Suid-Afrikaanse Fotovoltaïese Bedryfsvereniging (Sapvia), sê dit is niekonvensionele elektrisiteitopwekkingstegnologieë.

"Dikwels is die konvensionele tegnieke vir die opwekking van elektrisiteit afhanklik van fossielbrandstof, byvoorbeeld steenkool in Suid-Afrika. Alternatiewe energiebronne sluit in hernubare energie – sonkrag, wind, hidro, geotermies, biomassa of biogas en ander."

Alternatiewe energiebronne

"Verbruikers kan enige van die alternatiewe energiebronne oorweeg. Dit is belangrik om jou besluit te grond op 'n aantal faktore, soos die volwassenheid van die tegnologie, die beskikbaarheid en toegang tot die tegnologie, die prys (baie belangrik) en die geskiktheid vir die doel (die alternatiewe energiebron moet voldoen aan die aandrang en vereiste waarvoor dit gebruik word). Vir die gemiddelde Suid-Afrikaner is 'n ingebedde fotovoltaïese sonkragstelsel 'n bekostigbare, betroubare en toeganklike keuse, wat vinnig geïmplementeer kan word om in jou energiebehoeftes te voorsien," verduidelik Govender.

Ted Blom, 'n energiekenner, voeg by dat afhangende van gebruikspatrone, kan verbruikers tussen sonkrag, wind of gas vir hul huishoudings kies, terwyl swaar nywerhede iets meer industrieel benodig.

Blom se lys van opsies

- Beligting onder R1 000. Hier kan jy ligemissiediode (LED)-ligte oorweeg – daar is nou baie soorte beskikbaar.
- Batterye en wisselrigters (*inverters*) onder R10 000 om net 'n lig en prop vir die rekenaar of TV aan die gang te hou. "Ek maak gebruik van 'n 3 kW-eenheid met 2 x 100 ampere per uur krag vir drie skootrekenaars of versenders (*routers*), wat so vier tot vyf dae sal hou."
- Groter batterye om krag vir tot vier ure te dra vir onder R50 000. Daar is heelwat optimaliseringsopsies, maar elke stelsel sal eers geoudit moet word om besparings vas te stel. "Ek werk met 'n span wat hierdie oudits doen. Tot 80% van ou industriële installasies is foutief en die syfers vir huise is nog hoër omdat daar te veel skelms en leke is wat baie geld by onervare huiseienaars steel."
- Kragbesparingsopsies onder R100 000. Daar is opsies om jou hele huis van Eskom te ontkoppel, in ander gevalle om rekeninge met 20 tot 50% te verminder.

Govender se lys

- Fotovoltaïese sonkragstelsels alleen sal tussen R9 en R13 per watt-spits (geïnstalleer) kos.
- Een sonpaneel lewer tussen 330 watt en 400 watt – teen wisselende pryse.
- 'n Gemiddelde huis benodig 'n 3 kWp-stelsel om ligte en toestelle aan te dryf (afhangende van die werkverrigting van energieverbruik).
- Die PV GreenCard-webwerf verskaf 'n lys van geakkrediteerde maatskappye wat fotovoltaïese sonkrag-installasies doen. Elke oplossing moet aangepas word volgens die kliënt se behoeftes. Fotovoltaïese sonkrag is modulêr van aard en kan ontwerp word om by die meeste begrotings in te pas.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.